Duinekraal 1044
Posbus 52
Tel 067 232 321
Grootfontein 9000

Eco-Plan (Pty) Ltd.
PO Box 90095
WINDHOEK

KRAGLYN

Dit is goed om te sien die mens gee om vir die natuur. Ek is jammer ek kan nie enige van julle vergaderings bywoon nie daarom stel ek graag my versoek op skrif.

Ek het 'n wildsplaas waarop verskeie buitelandse jagters kom jag. Die kraglyn loop dwars oor my plaas en dit bring mee dat ek met elke jagter onder die kraglyn moet deur ry. As iemand van Amerika of Europa na Afrika kom wil hull nie nog kraglyne sien nie.

Dan het ek nog 'n verdere probleem en dit is miskien die belangrikste op die plaas is 'n natuurlike pan waarin ek water pomp. Daar kom jaarliks in die somer maande letterlik honderde aasvoels daagliks water drink en bad. Met die kraglyn 100m vanaf die pan vlieg die aasvoels en ander voels teen die draad vas. In een week vanaf 14/09/04 tot 22/09/04 moes ek 2 voels vankant maak wat hul vlerke gebreek het. Jaarliks vrek daar tussen 10-15 aasvoels asgevolg van die draad.

Ek verstaan dat daar krag na Rundu en Katima moet gaaan ek wil graag net vra dat die lyn geskuif word na my noorde grens. Daar loop dit tussen twee duine wat beteken dat dit nie so sigbaar is nie en geen gevaar vir die natuur is nie. Ek is bereid om te help met enige iets waar ek kan soos byvoorbeeld ontbossing.

Al mense wat kan help is julle en daarom vra ek dat alles in julle vermoe gedoen moet word om die probleem op te los. Enige iemand is enige tyd welkom om besoek te kom afle en sodoende ondersoek te kom instel.

Baie dankie
Schalk Nel


Welkom
Horison
Boomplaas
Shunem
Duinekraal
Veldduin